



BEOOGDE BOERE-REPUBLIKEINEKONFERENSIE

Met die oog daarop dat ons as Boere-Republikeine ons eis om die herstel van die Boere-Republikeine op die tafel wil kry, is ons van voorneme om 'n konferensie daarvoor te hou.

Dit sal 'n konferensie wees vir werklike Boere-Republikeine. Die plek en datum sal nog aangekondig word.

'n Uitnodiging sal ook gestuur word aan alle bekende Boere-Republikeine tesame met 'n konsepvoorstel vir kommentaar en bespreking met die oog op die formulering van 'n amptelike dokument, Onderstaande is die konsepvoorstel: U kan met my skakel oor enige voorstelle wat u mag hê.

BOERE-REPUBLIKEINE – VRYHEIDSMANIFES en DEKLARASIE VAN VOORNEME:

1. Hiermee verklaar ons, as part en deel van die Boerevolk en as Boere-Republikeiningsgesindes, ons voorneme om deur middel van oortuiging en oorreding, diegene wat hulle as lede, nasate en afstammelinge van die Boerevolk beskou, oor te haal tot:

1(a). Die aanvaarding dat die Boere-republikeine van die ZAR (Transvaal wat die republikeine van Kliprivier en die Nieuwe Republiek van Vryheid ingesluit het) en die Oranje-Vrystaat, hierna ons grondgebied genoem, met wapengeweld en die vermoording van 35 000 Boere-kindere en -vrouens, onregmatig op 31 Mei 1902, van ons Boerevolk afgeneem is;

1(b). Dat die Boerevolk en sy grondgebied agtereenvolgens deur die regering van Groot-Brittanje, (1902-1910) die Unie van Suid-Afrika 1910-1961) en die Republiek van Suid-Afrika (1961-94) en tans deur die ANC-regering van 1994 tot op hede, bloot geinkorporeer is; en deur vreemde getalle verswelg word;

1(c). Dat ons Boerevolk nooit in die vier tydsvakke van vreemde oorheersing deur enige van dié regeringe, in enige opsig oor hulle lotgevalle erken is nie;

1(d). Dat ten spyte van 'n opstand, bekend as die rebellie van 1914 en 'n Vredes-deputasie na Versailles in 1919, die Boerevolk se aandrang op Vryheid geïgnoreer en van die tafel gevee is

2. Derhalwe verklaar ons as Boere-Republikeine, dat dit ons vaste voorneme is om die Herstel en Vryheid van genoemde Boere-republike op te eis.

3. Dat dit sover moontlik op vreedsame wyse en deur 'n referendum bepaal sal word.

4. Dat ons met almal rondom ons in vreedsame naasbestaan wil verkeer sonder enige onderdanigheid of beletsel op ons vryheid,

Ook met diegene wie se voorouers saam met ons voorouers op hierdie grondgebied verkeer het en dat ons na wyses sal soek om vreedsame naasbestaan te verseker tot die heil en vooruitgang van die hele gebied bekend as Suid-Afrika;

5. Dat ons geen aandrang het op enige ander grond as daardie wat ons uit die uitreddende Vadershand ontvang het en waarop ons as Boerevolk volle wasdom bereik het nie

(Tot sover die konsep.); [Piet Rudolph](#) : namens Boere-Republikeine
tel. 072 419 3516

e/pos: piet.rudolph@gmail.com

fb Boere-Republikeine